

## 'n Passie vir barmhartigheid



---

### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Matteus 6:25-33; Jakobus 1:5-8 en hfst. 2:15, 16; Jesaja 52:7; 1 Johannes 3:16-18; Jesaja 58:1-10.*

#### Geheeteks:

“Hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes, hy is genadig, barmhartig en regverdig. Dit is ’n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree” (*Psalm 112:4 en 5, NAB*).

**S**oos ons reeds vasgestel het, lees ’n mens in die Bybel van God se diepgaande besorgdheid oor die armes en onderdrukte, wat periodiek en met groot geesdrif beskryf word; asook die beroep op sy volk, en later kinders, om ten bate van dié behoeftiges te werk. Hoewel hierdie kwessies voortdurend aangeroei is, is dié Bybelse mandaat net plek-plek en gedeeltelik bereik, en sal dit eers met die wederkoms van Christus en die daaropvolgende bonatuurlike gebeurtenisse ten volle bereik word. Tot tyd en wyl duur boosheid in sy vele vorms voort, aangevuur deur die invloed van duister magte komende van die duiwel en sy gevalle engele. Hierdie boosheid toon sy aangesig in dinge soos armoede, geweld, onderdrukking, slawerny, uitbuiting, selfsug en hebsug. Dit is die wêreld waarin ons leef. Te midde van hierdie euwels moet gemeenskappe, kerke en gesinne daarteen opkom, hoe moeilik dit ook al somtyds is. In reaksie op die liefde en voorskrifte van God – as persone wat in die lig van die bediening en soenoffer van Jesus leef, en wat deur die influistering van die Heilige Gees bemaagtig en gelei word – moet ons barmhartigheid en dapperheid aan die dag lê en op ’n kreatiewe wyse die volgende nastreef: “dat ons reg sal laat geskied, dat ons liefde en trou sal bewys, dat ons bedagsaam sal lewe voor jou God” (*Miga 6:8; NAB, voornaamwoorde aangepas*).

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 September.*

## Prioriteite vir die koninkryk

Soos dit duidelik in Jesus se leer en die geskrifte van die Nuwe-Testamentiese skrywers gestel word, hou diegene wat kies om aktiewe lede van Gods koninkryk te wees, by 'n ander stel waardes. Hulle het ander prioriteite as die res van die wêreld.

**Lees Mattheus 6:25-33. Watter versekering word ons in dié skrifgedeelte gegee, en watter impak behoort dit op 'n mens se prioriteite te hê?**

---

Let op Jesus se vraag tydens een van sy onderwysinge: “Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?” (*Matt. 6:25, NIV*). Hoewel hierdie dinge inderdaad belangrik is, moet ons dit in die lig van Gods koninkryk beskou. Wat voorrang in die gelowige se lewe geniet, moet dus 'n daadwerklike verandering ondergaan en 'n praktiese impak hê. Wanneer 'n mens beseft dat die Skrif ons tot die opheffing en versorging van ons medemens roep, word dit een van die dinge wat, in ons pogings om in Jesus se voetspore te volg, voorrang moet geniet. In 'n ideale sin behoort hierdie oproep tot naastediens ons te help om minder op onself en meer op ander te fokus. Hierdie prioriteite wat so anders as die wêreld s'n is, verander ook ons bande met diegene wat mag en gesag oor ons asook die onderdrukte het. Hoewel die Skrif ons aansê om, sover moontlik, die regering te respekteer en gehoorsaam te wees (*lees byvoorbeeld Rom. 13:1-7*), bereik 'n mens wel 'n punt waar Petrus se onderwysing gevolg moet word: “'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!” (*Hand. 5:29, NAB*). Jesus het 'n balans tussen die twee beginsels bepleit, toe sy teëstanders Hom met 'n strikvraag in dié verband probeer uitvang het: “Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort” (*Matt. 22:21, NAB*). Die maghebbers – hetsy in die regering of ander sfere van die samelewing – dwing dikwels hul mag op ander af, en doen dit met dreigemente of geweld. Soos duidelik uit Jesus se lewe blyk, kom wetsgehoorsaamheid nie altyd en in elke denkbare situasie op 'n passiewe houding jeens die kwaad neer nie. Neem byvoorbeeld die kwessie oor slawerny in Amerika. In dié verband skryf E.G. White: “Wanneer mensgemaakte wette indruis teen die Woord en wet van God, moet ons laasgenoemde gehoorsaam, ongeag die gevolge. As die landswette van ons vereis om 'n [dorstende] slaaf aan sy meester terug te besorg, moet ons nee sê, en dan die gevolglike straf aanvaar. Die slaaf is niemand op aarde se eiendom nie. God is sy regmatige Meester. Die mens het nie die reg om God se wonderbare handewerk vir hom- [of haarself] toe te eien of met daardie persoon te maak soos hy [of sy] wil nie” (*Testimonies for the Church*, vol. 1, bl. 201 en 202).

**Gehoorsaamheid aan die regering of opkom vir diegene wat dalk deur 'n outoritêre staat onderdruk word – waar eindig die een en begin die ander?**

## Medelye-uitputting

Die begeerte om goeie dinge te doen, word dikwels gepootjie deur die oorweldigende gevoel dat die wêreld se magdom probleme “net een te veel is”. Baie probeer dit egter teëstaan, en wil graag help om hul medemens se lyding en swaarkry te verlig. Nietemin is daar ’n aantal houdings wat ’n mens kan inneem, en dinge wat ’n mens kan doen, sodat jy toetree en nie net apaties bly sit nie.

**Betoon medelye:** Soos ons reeds vasgestel het, is die erkenning van, en empatie met, ander se pyn die eerste tree na daadwerklike optrede. ’n Mens moet die aanvoeling wat jy vir jou medemens se lyding het, handhaaf en koester. Deesdae hoor ’n mens al meer van “medelye-uitputting”. Dit werk soos volg: die deursnee persoon word so dikwels aan ander se smarte en tragedie blootgestel dat die vele oproepe tot hulplening, wat telkens emosionele inspanning en geldelike ondersteuning verg, net een te veel word. Jesus was bewus van die boosheid en pyn om Hom. Tog het Hy barmhartig gebly. Ons behoort dit ook te doen.

**Luister en lees:** Aangesien ongeregtigheid en armoede dikwels ingewikkeld op voetsoolvlak is, is dit belangrik om soveel as moontlik kennis in te win deur te luister en te lees. Daar is vele voorbeelde van mense wat goed wou doen, maar uiteindelik meer sleg as goed gedoen het. Hoewel dit nie ’n verskoning is om handjies gevou te sit nie, behoort gemeenskapsbetrokkenheid op ’n ingeligte en nadenkende wyse te geskied.

Begin by gebed: Wanneer ’n mens ’n probleem identifiseer, is “daadwerklike” optrede dikwels eerste op die agenda. Tog wys die Skrif daarop dat gebed wel “daadwerklike” respons is. Ons kan inderdaad ’n verskil in die armes en onderdrukte se lewens maak deur vir hulle, en vir diegene wat mag oor hulle het, te bid (*lees 1 Tim. 2:1, 2*); en ook deur die Here om leiding te vra, sodat ons kan weet watter sinvolle stappe op daardie gebed volg (*lees Spr. 2:7, 8*).

**Koester gesonde verwagtinge:** Nog ’n belangrike element in die verligting van ander se lyding is om gesonde verwagtinge te koester, gegewe die kompleksiteit van maatskaplike, politieke en persoonlike omstandighede. Die hoop wat ons vir ander koester, behoort soos volg te wees: Skenk mense die geleenthede en keuses wat hulle nie andersins sou hê nie. Soms stel hulle jou teleur omdat die gegewe geleenthede nie reg benut word nie. Tog moet ’n mens diesulkes se besluite respekteer. Ongeag die tipe werk wat ons ten bate van minderbevoorregtes doen, moet ons rigsnoer deurgaans wees: “Doen vir ander alles wat julle graag wil hê hulle vir julle sal doen” (*Matt. 7:12, NLV*).

**Lees Jakobus 1:5-8. Watter rol behoort gebed by Christelike optrede te speel? Wat is volgens hoofstuk 2:15 en 16 ons aandeel in die verhoring van ons gebede wanneer dit by voorbedding kom?**

---

---

## Vrygewigheid

“God het die blymoedige gewer lief” (2 Kor. 9:7, NIV). Om mildelik te gee, is ’n belangrike sy van die Christelike lewe. Ons moet toelaat dat die Skrif bepaal wat presies voorrang in ons geldsake en in ons pogings tot vrygewigheid moet geniet. Neem egter in ag dat vrygewigheid meer as net die gee van geld vir ’n goeie saak is, selfs al is dit ’n verdienstelike saak. Nee, vrygewigheid is ’n deurtastende beginsel en houding, en is deurslaggewend vir “elkeen wat die Here vrees” (soos Ps. 128:1 onder *andere sê, OAB*). En let op Psalm 112: “Dit gaan goed met die mens wat vrygewig is en uitleen, wat sy sake in billikheid bedryf” (Ps. 112:5, NLV).

**Wat leer ons uit die volgende teksverse oor vrygewigheid teenoor die behoeftiges? Lev. 25:35-37, Ps. 119:36, 2 Kor. 8:12-15, 1 Joh. 3:16-18, 1 Tim. 6:17-19.**

---

In sy Nuwe-Testamentiese sendbriewe verwys Paulus gereeld na God se vrygewigheid as die bron van ons Christelike hoop, met Jesus se soendood as die hoogste uitdrukking daarvan, wat op die beurt die gelowige tot ’n lewe van vrygewigheid teenoor ander aanspoor – “dat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van alles wat goed in julle is, tot eer van Christus Jesus” (*Filem. 1:6, NAB*). Vrygewigheid is ’n gulhartige, moedige en lewensomvattende houding. Ons individuele lewens, ons kulture en ons samelewings vra egter in vele opsigte dat ons self-gerig moet wees, dat ons soveel as moontlik vir onself moet hou. Kom ons wees ook maar eerlik met onself: die eiebelang van die eie-ek is in elke geval die dryfveer by menige mens.

By elkeen met ’n egte geloof kom die eie-ek laaste en die behoeftes van jou medemens in woord en daad eerste. Daardie geloof stel ons in staat om die wêreld en die mens deur die oë van God te sien, as manifestasies van die goeie en van gebrokenheid. Dit noop ons ons om die behoeftiges by te staan, in die mate waartoe ons in staat is – om daardie roeping ons strewende te maak. Wanneer dit by ’n beter lewensgehalte kom, is vrygewigheid iets waarvoor fondsinsamelaars en liefdadigheidsorganisasie groot waardering het, en derhalwe deur hulle verwelkom word. Dié soort vrygewigheid is meetbaar en het ’n direkte praktiese uitwerking. Tog is groot donasies nie noodwendig tekenend van ’n vrygewige lewe nie (*lees Mark. 12:41-44*). Vrygewigheid is meer deurtastend en waardevol as enige donasie. Ons behoort ’n beter waardering vir vrygewigheid te hê, ’n gees wat ons in al ons doen en late moet koester. Die meeste mense is natuurlik nie van nature vrygewig nie. Nee, dit is ’n genadegawe waaraan ons op ’n praktiese en doelgerigte wyse in ons lewens uiting moet gee – ten spyte van ons sondige en selfsugtige menswees wat ons van die teendeel wil oortuig.

**Op watter ander maniere – benewens die gee van geld, selfs al as dit vreeslik mildelik – behoort ons vrygewigheid aan die dag te lê?**

## Om vrede en versoening te bring

**Lees Mattheus 5:9. Hoe doen 'n mens wat Jesus hier sê, inaggenome die wêreld waarin ons woon? Hoe suksesvol kan ons werklik wees? Lees ook Mark. 13:7.**

---

Gewelddadige konflik is 'n beduidende oorsaak van lyding op aarde. Die prys wat ons vir oorlog betaal, sluit onder andere die volgende in: menseleuens en wonings wat in die slag bly, die tyd en hulpbronne wat aan oorlogtuie en wapens bestee word wat liewers in die voorsiening van menslike behoeftes gebruik kon word, en die liggaamlike en psigiese letsels waarmee die oorlewendes en oorlogsveterane (en selfs dié van die “wenkant”) moet saamleef. Dan is daar boonop die kleiner konflikte en skermutselings wat skade aan mense, hul gesinne en hul gemeenskappe aangerig het. Duidelik sluit die geesdriftige soeke na reg en geregtigheid ook die mandaat om vredemakers te wees, in. Aan die kern van die evangelie van Jesus is juis die genadegawe – die grootste vredesending ooit – om die sondige mens met sy Skepper te versoen (*lees 2 Kor. 5:18-21*). Die versoening wat ons ontvang het, word dan ook ons ambassadeurshandboek vir die versoening wat ons tussen mens en medemens moet bevorder.

**Jesaja 52:7. Hoe kan ons ook hierdie teksvers uitleef?**

---

Die evangelie van vrede word ook die beweegrede, bloudruk en hulpbronne vir vredesendings in ons gewelddeteisterde wêreld: “Elkeen wie se hart in harmonie met die Here is, sal die vrede van bo smaak. Diesulkes het 'n seënryke invloed alom. Die gees van vrede [en versoening] wat hulle bring, rus soos dou op die moeë harte van diegene wat onder die konflikte van dié ou wêreld gebuk gaan” (Ellen G. White, *Thoughts From the Mount of Blessing*, bl. 28). In die bergprediking sê Jesus: “Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word” (*Matt. 5:9, OAB*). Die Meester voer hierdie argument ook heelwat verder. Eers bevestig Hy die gebod wat sê “Jy mag nie doodslaan nie,” dan sê Hy dat 'n mens nie eers vir iemand kwaad mag wees of 'n aksie teen daardie persoon mag hê nie (*lees Matt. 5:21-26*). Boonop moet ons ons vyande liefhê en bid vir diegene wat ons vervolg (*see Matt. 5:43-48*), wat beteken dat ons beslisse stappe moet doen wat tot hulle voordeel is. Daar is menige verhale van mense wat hul lewens aan vrede en versoening in die konfliksones op aarde gewy het. Op daardie manier het hulle hul medemens 'n voorsmakie van versoening en heling gegee, en het baie maal selfs verligting van heelwat van die onreg en lyding wat deur daardie konflikte veroorsaak is, gebring.

**Op watter maniere kan jou gemeente in streeks- of gemeenskapsverband die roeping as vredemaker opneem?**

## 'n Stem vir die wat die swye opgelê is

Die wyse Salomo skryf: “Daar is... ’n tyd om stil te bly, ’n tyd om te praat” (*Pred. 3:2a en 7, NAB*). Hy was reg, en om daardie balans te handhaaf, is vir geeneen eenvoudig nie. Om op te kom vir die onderdrukte, om te praat vir dié wat deur die lewe stilgemaak is, om die kwaad met die goeie te probeer oorwin – dalk was ons in dié verband ’n bietjies te oorversigtig, in plaas van praat het ons te dikwels geswyg? As Christene sê ons dikwels dat ons Jesus se hande en voete is, m.a.w. ons leef die oproep tot naastediens prakties uit, soos Jesus ons aangesê het om te doen. Let egter ook op die profetiese roeping waarvan ’n mens in die Bybel lees. Die profetiese roeping wat God aan elke man en vrou toevertrou het, is om ook sy stem te wees – om namens Hom, maar ook namens diegene wat Hy graag wil beskerm, te praat (*lees Ps. 146:6-10*).

**Lees Jesaja 58:1-10. Wat behoort hierdie boodskap – gegewe die bepaalde tyd, plek en konteks waarin dit afspeel – vir die moderne gelowige, binne die plek en konteks van die hedendaagse wêreld te sê? Is daar werklik soveel verskil tussen Jesaja se tydvak en ons s’n?**

---

Die profetiese oproep tot geregtigheid was nooit ’n gewilde een nie. Aangespoor deur hul sending van Bo, met ’n begrip vir God se passie vir geregtigheid, met simpatie vir die lot van die arme en die onderdrukte, en met die beswil van hul gemeenskappe op die hart – het die profete van ouds dit gewaag om ’n stem vir die stilgemaaktes van hul tydvak en plek te wees; te midde van teëstand, ongemak en gevaar (*lees 1 Pet. 3:17*). Op grond van die manier wat ons die evangelie verstaan, en deur ons roeping om Jesus aan die wêreld te weerspieël, het Sewendedag-Adventiste ook ’n bydrae tot die hantering van die kwaad in ons wêreld te lewer. Ons het baie wat van nut is. Let byvoorbeeld op die volgende verklaring: “Sewendedag-Adventiste glo dat daadwerklike pogings om armoede en die onregte wat daaruit spruit, te verminder ’n belangrike deel van die Christen se maatskaplike verantwoordelikheid is. Die Bybel toon duidelik dat die Here veral oor die welstand van die armes besorg is. Dit toon ook wat Hy van sy volgelinge te wagte is, hoe hulle veronderstel is om te reageer op diegene wat nie in staat is om na hulself om te sien nie. Elke mens is geskape na die beeld van God en ons is almal ontvangers van God se seënninge (*Luk. 6:20*). In die werk wat ons onder die armes doen, volg ons Jesus se voorbeeld en leer (*Matt. 25:35, 36*). As ’n geestelike gemeenskap beywer Sewendedag-Adventiste hulle vir reg en geregtigheid vir die armes. Soos Spreuke tereg sê: ‘Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie’ (*hfst. 31:8, NAB*). Ons moet ons uitspreek teen diegene wat ‘die armes en verdruktes van regverdige regspraak ontnem’ (*Jes. 10:2, NLV*). Ons werk saam met die Here, en ‘Hy sorg vir die reg van die arme’ (*Psalms 140:13, NAB*)” (*Seventh-day Adventist Official Statement on Global Poverty*, 24 Junie 2010).

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “A Higher Experience” op bl. 503-516 in *The Ministry of Healing*, “Duty to the Unfortunate” en “Man’s Duty to His Fellow Men” op bl. 511-526 in *Testimonies for the Church* vol. 3, asook “Doing for Christ” op bl. 24-37 in *Testimonies for the Church* vol. 2. “Op hemel en aarde is daar geen kragtiger waarheid as aktiewe medelye nie. Dit vind uiting in ons weldade aan elkeen wat behoefte aan simpatie en hulp het. Dit is die waarheid in Christus. As die belydende Christen tog net daardie goue lewensreël wou uitleef, sal die evangelie met dieselfde krag as in apostoliese tye verkondig word” (Ellen G. White, *Thoughts From the Mount of Blessing*, bl. 137).

“Om jou hoogste liefde aan God te gee, en onselfsugtige liefde aan jou medemens te betoon – dit is God se grootste gawe aan die mens. Daardie liefde is nie impulsief nie. Nee, dit is ’n Goddelike beginsel, ’n blywende krag. As jou hart nie aan God gewy is nie, kan dit nie by jou posvat nie en kan jy dit nie voortbring nie. Dit is slegs te vinde by dié wat Jesus op die troon van hul harte het... Daardie liefde, gekoester en gekweek in die binnenste, maak die lewe mooi – ’n mooi wat ’n verfynde invloed op almal om ’n mens het” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 551).

## Vrae vir bespreking:

1. Soos ons reeds in vandeeweek se studie gesien het, is die evangelie steeds die bloudruk en beweegrede vir ons weldade ten bate van die mens, net soos Jesus wat ter wille van jou en my gesterf het. Hoe verruim dit jou insigte in, en waardering vir, die goeie nuus van alles wat God vir ons gedoen het en hoe Hy sy liefde aan ons betoon het (en steeds betoon)?
2. Om ’n stem vir die stemlose te wees, om ’n vredemaker te wees of om by soortgelyke aktiwiteite betrokke te wees – al hierdie dinge beteken dat ’n mens jou soms in die openbare en politieke sfere begewe. Tog beywer die Sewendedag-Adventistekerk haar deurentyd vir die skeiding van kerk en staat. Duidelik is daar iets soos onvanpaste politieke betrokkenheid, maar dan is daar ook die openbare nastreef van vrede in woord en daad. Die vraag is net: hoe onderskei ’n mens tussen die twee?
3. Watter van die voorgestelde stappe of aksies in vandeeweek se les sal jy graag deel van jou lewe of die gemeente se lewe wil maak? Hoe kan jy of julle dit verwesenlik?
4. Oor watter euwel of onderdrukking in jou gemeenskap of in die wêreld het jy besluit om te bid?

## Opsomming:

Om Jesus te begin volg, beteken dat jou lewe op allerhande maniere verander. Dit skep onder andere die begeerte by ’n mens om ook soos die Here aktief besorg oor die armes en vertraptes te wees. Hoewel dit nooit ’n maklike is nie en selde populêr is, sal dit jou prioriteite verander en jou aanspoor om aktiewe stappe te doen ten einde die seerkry in ons wêreld te genees.